



## TOULEIER



# Peru is 'n land van uiterstes

## Hoofstuk 3 Deel 22

Verlede jaar het ek my reisjoernaal geëindig met die skerp rissiesmaak van rou vis in die strate van Lima, Peru op my tong. Noudat ons rustig terug is in Onrus na die Kersmaal saam met die seniors van Richmond in die Karoo – 'n fees van koue vleise en vonkelwyn wat goedgunstiglik geskenk is deur Kammanuus se lesers – kan ek weer afskop met nog stories oor die Peruviane.

Kyk, as ek gedink het dat Chili 'n land van uiterstes is, het ek 'n les kom leer in Peru! Die sensitiewe leser moet kennis neem dat die volgende stukke effe rof gaan wees op die sinne. Sommer baie erger as rourissievis. Slaan liever die volgende stukkie heeltemal oor as jy 'n sensitiewe maag het of diere meer as mense lief het.

Hoekom die mensdom altyd sy seksdrange moet aanvuur en bevredig ten koste van arme onskuldige lede van ons diereryk, gaan my te bowe. Kort nadat ek en kamermaatjie ingetrek het in ons woonstel in die meer goeide woonbuurt van Miraflores, kyk ons vroeg een aand televisie op die nasionale kanaal om sodoende ons Spaans bietjie aan te vul. Dis juis 'n koskookprogram wat gaan oor lokale kultuur en eetgewoontes. Wat kan nou meer onskuldig wees?

Daar is 'n groot gehoor in die ateljee. Ons konsentreer kliphard om die opgewonde aanbieder se gesprek te volg. Dit skemer deur dat die dis wat hulle gaan demonstreer, nasionaal baie gewild is en glo baie goed is vir die manlike libido. *Estracto de Rana* roep hulle hom. Ons verstaan dat dit 'n ekstrak is van wat ook al 'rana' is. Op die tafel staan twee glasbakke, 'n bottel pisco (plaaslike brandewyn) en 'n voedselverwerker. Die een bak het wit goed in en in die ander bak is daar lewe. Groenerige lewe.

Die kamera fokus op die eerste bak. Die wit een. Dis room. Die guitige assistent gooi die room so halfyf in die voedselverwerker in. Dan staan sy terug terwyl die aanbieder so 'n paar stewige geute pisco byvoeg en die klitser aansakel. Sodra die room goed aan't draai is, beweeg die kamera uiteindelik oor na die laaste bak toe. Dié is vol yslike groot groen lewendige brulpaddas!

Onder luide toejuiging van die gehoor, word een van hulle aan sy agterpote gevang en vir 'n paar sekondes bokant die kolkende wit pisco-room laat hang terwyl die kamera nader fokus. Sierlik duik hy in. Gee nog so 'n paar skoppe voor die lemme hulle ding doen. Eers is daar net so 'n paar rooi strepe in die room en dan word dit so 'n modderige groen kleur.

Die skare raak mal en die sekuriteit het hulle hande vol om te keer dat die mans in die gehoor nie almal tegelyk vorentoe storm nie. Wanneer dinge effe bedaar, kondig hulle 'n paar gelukkige nommers aan en die weners kom na vore en kry elkeen 'n glas vol *Estracto de Rana* en drink dit daar en dan ten aanskoue van die hele nasie.

Die volgende dag op kantoor vertel my kollega my dat soos met renosterhoring in die Ooste, glo die Peruviaanse mans hierdie doepa gee ekstra woema in die bed.

Ek vertel hom hoe naar dit ons gemaak het. "Ook maar goed jy het nie verlede week gekyk nie," merk hy doodluiters op. "Toe het hulle gewys hoe maak hulle klein apies gaar en bedien hulle dan net so heel op rys. Herinner mens nogal aan 'n fetus."

**Hennie Greeff**  
**UITGEWER**

**Onrusrivier**  
**pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

## Varsgebek se beste sêgoed

Varsgebek, Viva se kompetisie waar taalgebruikers hulle onopgetekende taalskatte kon inskryf, het pas ten einde geloop en het weer hierdie jaar 'n skatkis vol heerlikhede opgelewer.

Die beste van dié inskrywings is in 'n kortlys geplaas, en VivA-gebruikers kon vir hulle gunstelingsêding stem.

**Eerste prys R7500:** "Reën ruik, al is daar nie wolke nie" was die bydrae van Carina Stander, 'n gewaardeerde Afrikaanse skrywer en digter, wat ons laat weet het hierdie sêding beskryf iemand wat altyd positief is, al gaan dinge nie goed nie.

**Tweede prys R5000:** "Vinkkoors" van Wiets Steyn verwys na daardie oorywerige nesoorbouery, veral hier in die middeljare rond, wanneer 'n wederhelf besluit die huis moet 'n bietjie opgeknip word.

**Derde prys R2500:** "Sonder arms rondstaan", wat beteken "ledig rondstaan" of "niks doen om te help nie". Dié juweel is ingestuur deur oudkoerantman Org Potgieter, wat duidelik nog 'n fyn oor en 'n skerp griffel het as dit by taal kom.

## KORTLYS

Inskrywings wat die kortlys gehaal het:

**allekleurtjies** - Klein, veelkleurige suikerkristalletjies, gebruik om koek en nageregte te versier. Ook: **kleurstrooisels**

**breinpouse** - (*skertsend*). Oomblik waarin iemand aan niks kan dink en niks kan onthou nie.

**bruid** - "Die bruid op elke troue en die lyk op elke begrafnis wil wees" van iemand gesê wat altyd die middelpunt van belangstelling wil wees.

**dolos** - "So geduldig soos 'n dolos wees." Besonder geduldig en verdraagsaam wees.

**donkie - iemand se donkie draf** (*streektaal*) gesê van iemand wat knorrig raak, omdat hy/sy vaak is en wil (gaan) slaap: *Dit lyk my jy moet maar gaan inkruip; jou donkie draf al.* [Oorsprong: Noord-Kaap.]

**energievampier** - Iemand wat deur oormatige aandagsoekery, negatiwiteit, klaerigheid, ensovoorts, ander mense liggaamlik en/of geestelik uitput.

Ook **aandagvraat**.

**klip** - **Selfs 'n klip kan dryf, selfs 'n engel kan sink** selfs al lyk iets onmoontlik, is daar dikwels nog die kans dat dit kan gebeur.

**nuljoenêr** - Iemand wat nie werklik geld het nie, maar voorgee dat en/of leef asof hy/sy skatryk is.

**pampoentyd** - (*skertsend*) - Middernag. [Oorsprong: Die tyd in die sprokie wanneer Aspoestertjie se towerkoets in 'n pampoens verander.]

**uil** - **So slim soos 'n boom vol uile wees** van iemand gesê wat dink dat hy/sy beter as ander mense weet: *Die klein wysneus is vandag weer so slim soos 'n boom vol uile.*

**waslap** - **Jou gesig met 'n ander man se waslap was.** Iemand anders die werk laat doen en jouself dan op die voorgrond plaas. Ook: **iemand se kalklig steel.**

# Duskantlander in Anderkantland



## Krokodille, mense leef in vrede

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.**

**N**á ses jaar in Ghana, ontdek ek nog nuwe grille. Vergeet van kamele rondry en swem met dolfyne, nee, dis heeltemal te mak – kom ry 'n krokodil en swaai sy stert rond! Adrenalienvrate kom hierlangs kuier om valskerm te sweef, rotswande uit te klouter en krokodille aan hul sterte rond te swaai.

Steve Irwin, die Australiese krokodilman, se reeks op *Discovery* het almal effe versigtig op krokodille ingestel, maar menigte toeriste stroom hierheen vir hierdie unieke ervaring. In 'n tradisionele vissersdorpie Paga kan jy vir omtrent vyftien Amerikaanse dollar eerstehands kennis maak met 'n krokodil.

Paga is 'n piepklein Afrika stofdorpie geleë heel bo in die noorde van Ghana, naby die Burkina Faso-grens. Daar, in 'n yslike modderige dam, swem die uitbundige kinders, was die vrouens wasgoed, en skep ander water vir kos en drinkwater. Die omtrent 110 krokodille leef in vrede met Paga se inwoners.

'n Motorfietseienaar staan enkeldiep in die vlakwater en was sy motorfiets. Vra enige visser wat enkele meter van 'n kolossale krokodil staan en 'n vis vir sy aandete vang: Hulle is almal 'vriende'!

Die Ghanese inwoners van Paga glo hulle en die krokodille het oor die jare 'n gemeenskaplike respek vir mekaar ontwikkel. Hulle glo hierdie krokodille is die siele van hulle dorp se voorvaders, en daarom word die krokodille as heilig geag. Die hoofgids en krokodilbewaarder vertel niemand mag die krokodille enige skade aandoen nie, hulle is blykbaar baie geliefd en het hoof niks te vrees van die mense in Paga nie.

Ek dink die krokodille weet watter kant hulle brood gebotter is. Hulle is lekker dik uitgevreet aan die vet hoenders wat die inwoners hulle daaglik voer. In die dam is daar lekker vis en groterige paddas, maar die krokodille verkies die hoenders. Daar is tien goed geleerde of redelike makkerige uitverkose krokodille wat vir die toeriste se vermaak op die droë damwal kom vreet.

### Toeriste gaan sit wydsbeen op die krokodille se rugge

Toeriste van Rusland, Denemarke, Spanje en Duitsland staan kameragereed nader. Die krokodille kom uit die water wanneer die gids op die waterrand staan en fluit. Die krokodilbewaarders knoop die pote van 'n lewendige hoender aan 'n langerige stok vas en met die eerste hoenderskriël gee die krokodil twee ratse treë en raap die hoender met 'n aktobatiese wip uit die lug.

Ek weet nie wie skree die hardste nie, die Deense meisie wat in afsku gril of die lewendige hoender wat halflyf vasgebyt is in die kake van die krokodil. Dan nooi die gids die toeriste nader om kiekies te neem met 'n krokodil.

Daar is heelparty van die makkerige krokodille wat rustig rondlê. Toeriste gaan sit wydsbeen op die krokodille se rugge naby sy agterpote en streel oor die ruwe vel en klop plathand op die krokodil se rug terwyl die videokamera rol en die kiekies klik.

Dan lig hulle die swaar stert op en waai dit deur die lug. Die krokodil lê doodluiters in die son en droom seker van sy volgende vet hoender op 'n stok. Dis dan ook presies wat gebeur. Sodra die toeris die stertpunt vashou, gooi die gids 'n hoender in die krokodil se rigting. Woerts – weg is die hoender, net 'n paar vere en pootjies wat by daai kake uitsteek. Sommige toeriste swem vir die aardigheid in die dam.

Ek weet die voer van lewendige hoenders klink wreed, maar die inwoners van Paga weet die hoenderdieët van die krokodille sorg dat die krokodille hulle kinders, bokke en donkies uitlos.

Die skouspel gaan aan – elke dag kom betaal en kliek die toeriste, en elke dag vreet die krokodille. Die kinders van Paga swem uitbundig in die dam en vissers en wasvroue is aan die gang, terwyl krokodille enkele meters van hulle af in die son lê en bak.

Die toeriste glimlag breed, maar die krokodille glimlag die breedste.

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos @onsdorp.com



## VERGEET MAAR

'n Getroude man mag maar die foute wat hy gemaak het, vergeet.  
Dis nie nodig dat twee mense dit onthou nie.

## GATIEP

Gatiep loop met 'n spul sinkplate onder sy arm die straat af.

Sy pel vra: "Wat is daai?"

Gatiep: "Ek is vanoggend geskei en ek het die huis gekry."

## KNIPOOG

Die man kla by die dokter dat sy regteroog onwillekeurig knik. Dis baie lastig, veral as hy by die apteek vir pynpille vra en 'n pakkie kondome kry.

## KAT VAN DIE JAAR

Sebastian Zaremba was vroeg op pad na sy stalletjie by die Yeoville-mark toe hy gekaap word. Drie skote is in sy been geskiet en die kaper het met sy motor weggejaag.



Die kaper het nie geweet die gemmerkat, Kaptein, (die stalletjiehouer se rotvanger) is in die kar nie. Toe spring Kaptein op sy kop en begin krap. Die kaper wou hom skiet, maar skiet toe net sy eie kop raak. Hy is in die hospitaal dood.

♦**KAMMANUUS** benoem die kaper as sy eerste kandidaat vir Suid-Afrika se eie Darwin-prys vir 2018. Dis vir mense wat hulself vrywillig uit die genepoel verwyder het tot bes van die res van die mensdom.

## LIEWE LENA

Liewe Lena  
Kan 'n mens jou  
geboortebeperkingspille van  
jou inkomstebelasting aftrek?  
Bettie

*Liewe Bettie  
Net as hulle nie werk nie  
Lena.*

## SUINIGE SKOT

Die Skot se vrou is dood en hy bel die koerant om 'n doodsberig in te sit. Hy vra dat net 'n foto geplaas word en dat daar ter wille van kostebesparing moet staan: "Mildred Dinsdag dood. Begrafnis Vrydagoggend tienuur."

Die advertensievrou tjie sê vir hom hy kan nóg 'n reël bysit vir dieselfde prys.

Die Skot dink toe 'n paar sekondes en sê: "Goed, sit dan asseblief by: 'Rooi Toyota Yaris te koop.'"

## TWEEDEHANDS

Ek is 'n tweedehandse vegatariër. Die bees eet gras, ek eet die bees.

**Veiligheidsgordels is nie eers halfpad so ongemaklik soos rystoele nie.**

## NUWE KAR

**V:** Hoe maak jy as jy 'n gebruikte kar koop?

**A:** Vat hom vir 'n toetsrit, ry na 'n ander handelaar in gebruikte motors en sê jy wil hom verkoop.

Binne 'n paar minute vertel hy jou dan wat alles fout is met die kar.

## ROOI OOG deur Bill Yates en Mel Casson



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### Hoenders met vier bene

Maar man, net sodra ek dink ek het nou al alles kom sien en kom hoor, dan steek daar nou weer 'n splinternuwe een kop uit. Maar lat ek voor beginne.

Ek raak nou eendag bietjie beknop hier op die werf langes en besluit om so bietjie oopte te gaan soek. Maak die lorrie vol en my sak leeg daar by die pompe en werk hier deur Ceres en vat die stuk grondpad Calvinie se kant toe. Nou daar lê die wêreld mos wyd en kan 'n man mos jou gedagtes laat loop so in die ry saam

Ek kom nog so hier teen 'n lyndraad af, toe sien ek so 'n stoffie. En voor die stoffie hol 'n ding vir die vrek. Dit lyk soos 'n hoenner, maar die ding het jou so waar as wragtag vier bene.

Kannie wees nie dink ek en toe hy nou so verby my hol, sit ek hom agterna hier in die pad af aan die ander kant van die draad. Jong, en die ding hol, en ek ry. Ek ry later dat die naald weer hier onder by die tien beginne. Hier deur die holtetjies smaak dit my ek vlie, maar ek haal hom de moer nie in nie.

Ons kom toe daar by 'n hoekpaal waar die ding gat-om sit en beginne terughol. Ek breek toe maar en so met die stilstaanslag sien ek 'n afdraai daar na 'n opstal toe. Ek dog toe hier moet ek aanry en gaan uitvind, want kyk, daar waar ek getoë is, het ek mos met gompoue en bergganse en die klas van veldhoenners grootgeraak, maar so iets het ek in my dags der lewens nog nie aanskou nie

Kom daar op die werf aan en so 'n ouerige man kom aangestap en nooi my af. Ons gaan maak daar op die stoep sit en sy vrou dra koffie en beskuit aan. So met die gesels vra ek dan nou ook sommer uit oor die ding wat dan nou soos rats daar by my ge-verby het en lyk soos 'n hoenner met vier bene. Nee, reken die man, maar dit *is* 'n hoenner met vier bene, hy teel hulle so.

Hy vertel my hy het op die gedagte afgekom omlat hy, sy vrou en twee kinnere elke Sondag aan tafel baklei het oor wie kry nou die dytjie en wie nie. Vroëer jare voordat hy nou plaas toe gekom het, was hy glo 'n professor of 'n ding in genetika daar by Onderstepoort met kloning en so aan. En hy trek daar weg en met hoë taal waarvan ek nie kop of gat kan uitmaak nie beduie hy nou daar die proses. Ek laat hom klaarpraat oor wat ek niks van verstaan nie en vra toe later nou hoe smaak die hoennertjie dan nou.

Hy sê toe die vader alleen weet, want hy het hom nog nie geproe nie. Hy kan glo nie die bliksems gevang kry nie, hulle is te vinnig vir hom.



### En op 'n ander noot ...

'n Skokkende ontdekking is in 2016 op 'n Chinese plaas gemaak: 'n hoender met vier bene. 'n Man wat met 10 000 hoenders boer het die hoender raakgesien. Plaaslike kenners sê die hoender is eetbaar.

Dit was ook nie China se eerste vierbeenhoender nie. Die **People's Daily** het in 2012 berig van 'n vrou wat erg ontsteld was toe sy ontdek die hoender wat sy by 'n supermark gekoop het, het twee ekstra bene.

**Foto: Een van die Chinese hoenders.**

## Die boervrou huur 'n voorman vir die plaas

Die suksesvolle boer kom te sterwe en los sy hele boedel vir sy goeie vrou. Sy was aantreklik en vasbeslote om die boerdery te behou, maar sy het baie min van boer geweet.

Sy plaas toe 'n advertensie vir 'n voorman. Twee het aansoek gedoen: Die een was gay en die ander een was 'n dronklap. Daar was net die twee aansoeke en sy huur toe die gay omdat sy veiliger met hom sal voel.

Hy was 'n harde werker met baie kennis en het lang dae gewerk. Op 'n dag sê sy vir die voorman hy verdien 'n aand uit, wat hy toe ook een Saterdagdaand in die dorp gaan geniet.

Eenuur was hy nog nie tuis nie.

Twee-uur was daar nog geen teken van hom nie.

Uiteindelik daag hy om drie-uur op en vind die boervrou voor die kaggel met 'n glas wyn. Sy wink hom nader.

"Knoop my bloes los en trek dit uit."

Hy het dit bewend gedoen.

"Trek nou my skoene uit."

Hy het dit stadig gedoen. Toe beveel sy:

"Trek my sokkies ook uit."

Hy het dit gedoen en hulle langs haar skoene geplaas.

"Trek nou my romp uit."

Die man het begin bewe, toe sê sy hy moet haar bra ook afhaal. Hy het huiwerig en onhandig so gemaak en toe sê die boervrou:

"As jy ooit weer met my klere dorp toe gaan, moet jy vir jou ander werk soek."

Nooit tevrede nie

### As hulle Joodse ma's gehad het

**MICHELANGELO**

"Hoekom is jou tekeninge nie soos ander kinders s'n goed genoeg vir mure nie? Weet jy hoe moeilik en duur is dit om 'n plafon skoon te maak?"

**MONA LISA:**

"Jou draadjies was duur. Is dit jou beste glimlag?"

**THOMAS EDISON:**

"Oukei, ek is baie trots op jou dat jy die gloeilampie uitgevind het. Sit nou die lig af en gaan slaap!"

**BILL CLINTON:**

"Wel, daai Monica Levinsky was darem 'n goeie Joodse meisie."



## Die Epol- dieet

Ek was verlede week by Checkers, waar ek 'n groot sak Epol-hondekos gekoop het. Die vrou agter my in die tou vra toe of ek 'n hond het.

Wat het sy gedink? 'n Leeu? Maar omdat ek afgetree is en baie tyd het, sê ek toe nee, ek begin weer met die Epol-dieet. Miskien moet ek nie, want laas keer het ek 20 kg afgeval voordat ek in intensiewe sorg wakker geword het met buise wat oral uit my kom.

Ek sê toe vir haar dis eintlik 'n goeie dieet. Jy stop jou sak vol pille en eet een of twee elke keer as jy honger word. Dit werk goed en ek gaan dit weer probeer.

(Nou moet ek byvoeg dat almal in die tou aandagtig na my storie staan en luister het.)

Die vrou was baie ontsteld en vra toe of ek in die hospitaal beland het omdat die Epol giftig was. Toe sê ek nee, ek het van die sypaadjie afgeloop om onder 'n hond se stert te ruik toe 'n kar my raakry. Die ou agter my het amper 'n hartaanval gehad.

Ek mag nou 'n maand lank nie in Checkers kom nie. Wees versigtig wat jy oumense vra, hulle het baie tyd om absurde dinge uit te dink.

## Die Kaap is nie lekker oor die Krismis nie

Jy kom hou nie in Desember vakansie in Slaapstad nie. Ook nie in Januarie nie. Tot hier diep in Februarie is dit warm, die suidoos en -wes waai jou gedaan, en snags kan jy dikwels nie sonder 'n jas gaan stap nie soos die suidewind deur jou sny.

So was daar vanjaar weer 'n klomp teleurgestelde Trônsvólere.

"As jy in Gautêng bly soos ek," het Debby-Shay gekla, "is daar min om voor te lewe. So ek en Vleis het ons hoop op die Kaap gevestig, maar dis vervelig. Al wat die branders doen, is hulle gaan in en kom uit. 'n Mens kan ook nie saam met dolfyne swem nie."

Suzy van Sandton sê sy het gedink die bruin mense dra heeljaar karnaval-grimering en speel goed soos "Hie' kommie Alibama" op hul ukeleles.

"Toe ons vir een vra om iets te sing, het hy iets van my ma se Porsche gesê, wat simpel is, want sy ry 'n Bentley," het Suzy gekla. (Kaapse belediging: Jou ma se p—s).

'n Besoeker van die Oos-Rand het oor die vis gekla. "Die Kaapse vis smaak dan na vis, nie na hoender en beenmeel soos in Gauteng nie."

"En die mense kyk jou skeef as jy Coke saam met jou rooi wyn drink, of jou cherrie stuur om vir jou 'n refill te kry en siegrets te koop!"

### GELD GESELS

Die 50c-munt en R50-noot raak aan die gesels.

50c: "Yes Maatjie, wat het van jou geword? Ek het jou lanklaas gesien!"

"Nee wat," antwoord R50, "ek was maar so hier en so daar. Was bietjie casino toe; het 'n trippie Mosambiek toe onderneem; by 'n paar rugbywedstryde; by die skou in Windhoek; môre sal ek waarskynlik Mall toe gaan. Jy weet, daai soort goed.

"Maar hoe's dinge met jou?"

50c: "Aag Boeta, jy weet mos. Altyd dieselfde - dis net kerk, kerk, kerk!"

### Vervalsings kan lonend wees

Dis baie moeilik om banknote te vervals, maar in die Tweede Wêreldoorlog het 'n groep Joodse gevangenes in Auschwitz miljoene vals ponde vir die Nazis geskep.

Hul vervalsings was so eg dat die Switserse en die Engelse banke geflous is. As kompensasie het die vervalers ekstra rantsoene gekry.

Operasie Bernhard het tussen 135 en 300 miljoen Britse ponde gelewer. Ná die oorlog moes Brittanje nuwe note ontwerp omdat die vervalsings die ekonomie afgetakel het. Teen die oorlog se einde het die Duitsers kiste en kiste van die vervalste note in die Toplitz-see in Oostenryk gestort.

#### Nou vir die stertjie:

Van hierdie kiste is later uitgeduik en die vals note is op veilings verkoop. Jy moes dus egte geld uithaal om egte vervalste note te koop.

♦ Erkenning aan Heinz Mödler, Die Burger.

### So 'n bietjie pitkos

Toe Alexander Graham Bell die telefoon in 1876 uitgevind het, is daar in die eerste maand net ses verkoop.

- Die simbole + (vir optel) en - (vir aftrek) het eers in 1489 in algemene gebruik gekom.
- Jy kan jouself nie kielie nie omdat die cerebellum-gedeelte van die brein die res van die brein waarsku dat jy jouself gaan kielie. Omdat die brein dit weet, ignoreer hy die sensasie.
- Die longe se oppervlakte is omtrent net so groot soos 'n tennisbaan.



## Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

### Die maand se vanne:

**Janse van Rensburg** [emelijvr@telkomsa.net](mailto:emelijvr@telkomsa.net): Ek versoek graag inligting tot Janse van Rensburg familie. Ek is getroud met Frederick Arni Janse van Rensburg.

Volgens my inligting het die eerste Janse van Rensburg (Claas Janz vanaf Rijnsburg, Holland) volle name Nicholas Janse van Rensburg in 1708 in SA aangekom en in dieselfde jaar met Aletta van der Merwe getrou. Sy is die dogter van die eerste van der Merwe (a1b8) wat in SA aangekom het. (Soos ek verstaan het daar 4 van der Merwes na SA gekom waarvan slegs een seuns gehad het wat die naam voortgedra het.) My man, Frederick Arni Janse van Rensburg se lyn lyk as volg a1b4c1d?e1f3g1

My man is G1. My inligting is korrek vanaf E1 tot G1.

Ek kort die D-been. (Ek het E1 se geboortedatum, 17.4.1909 en sterftedatum, 14.12.1981, en probeer sy sterfte sertifikaat opspoor om sodoende sy ouers op te spoor, wat dan die res sal bevestig.) Hy was Frederick Jacobus JvR getroud met Aletta Johanna de Beer 18.6.1913 27.8.1977

**Kruger** [croeserlouise@gmail.com](mailto:croeserlouise@gmail.com)

Hi daar. Is daar iemand wat vir my inligting kan gee oor die Kruger-familie. My ouma was n nooi Kruger, Cornelia Adriana. Sy is gebore in die 1900's, oorlede in 1985 (of daar rond). Haar pa was Daniel Francois Kruger, en hy was getroud met Wilhelmina Fourie.

Nog vanne wat ingekom het: Van Dyk/Dijk, Jooste, Boshoff, Sauls, Knoesen.

**Gaan na [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) en kyk uit vir jou eie van.**

## Toets jou intelligensie

### Antwoord vier vrae

**Probeer dit eers self uitwerk voordat jy na die antwoorde kyk.**

#### 1. Hoe sit jy 'n kameelperd in 'n yskas?

Antwoord: Maak die yskas oop, sit die kameelperd in en maak die deur toe. Die toets was of jy eenvoudige aksies kompliseer.

#### 2. Hoe sit jy 'n olifant in 'n yskas?

Het jy gesê jy maak die yskas oop, sit die olifant in, maak die deur toe? Verkeerd!

Die regte antwoord is: Maak die yskas oop, haal die kameelperd uit, sit die olifant in en maak die deur toe.

Dit was 'n toets vir jou vermoë om die gevolge van jou vorige aksie te deurdink.

#### 3. Koning Leeu hou 'n dierekonferensie. Almal behalwe een daag op. Watter dier is afwesig?

Antwoord: Die olifant - hy is mos in die yskas.

Dit was 'n toets vir jou geheue.

Selfs al het jy al drie antwoorde verkeerd gehad, kry jy nog een kans om jou ware vaardighede te toon.

#### 4. Jy moet 'n rivier vol krokodille oorsteek, en jy het nie 'n bootjie nie. Hoe doen jy dit?

Antwoord: Jy spring in die rivier en swem deur. Het jy dan nie geluister nie? Al die diere behalwe die olifant is mos by Koning Leeu se vergadering.

Die toets was om te kyk of jy uit jou foute kan leer. Toetse toon dat 90% volwassenes die toets druipe, maar dat voorskoolse kinders dikwels die regte antwoord gee.

Dit bewys ook dat die meeste volwassenes nie die brein van 'n vierjarige het nie.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

Dis 'n  
kuns om  
skaap te  
slag



Op die plaaswinkeltjie se toonbank staan 'n eerlikheidsbussie waarin jy jou geld gooi. Neffens 'n piering met kleingeld.

Deur **ANNELIE BOTES**

**M**isdaad is iets wat oral ter wêreld voorkom. Maar daar is plekke waar misdaad nie die norm is nie. Waar dorpsmense witgeskrik staan as 'n fiets voor die winkel gesteel word.

In 2004 by Granny het ek gevoel hoe ónbelastend dit is om in 'n samelewing te woon waar misdaad 'n uitsondering is. Die kans op identiteitsdiefstal was haar ergste tandpyn. Die paniekknoppie aan haar pols was om my snags te roep as sy droom haar kano dop om op die Nyl.

Nou beleef ek die hemelsheid van misdaadloosheid weer. Twee weke gelede meer ons die middag vas by Atherstone, Engeland. My gô is uit, want ek het die oggend fynhout gemaak en in twee dae 11 sluisse oopgemaak.

Terwyl die gryse dorp-in loop vir brood, lê ek vyf minute op ons kooi. Toe hy terugkom, twee ure later, slaap ek soos 'n moeg gespeelde tjint.

Behalwe dat alles op die boot oopstaan, lê die kamera en selfoon op die agterstewebank, armafstand van die sleeppad af. En daar suiker tientalle voete verby. Juis die afgelope naweek verstom ek my aan 'n houtkissie wat teen die klipwand vasgesit is, onder 'n smal brugdeurgang op die Trent-en-Merseykanaal waar die bote deurkruie. Op die kissie is daar 'n bordjie: "Fresh duck eggs. £1 per half dozen". Langsaan die eierhouers in die kissie is 'n bussie vir algar se ponde. Jimmele, van waar Gehasi . . . ?

By die Spinneybank Farm Shop langs die Ashby-kanaal staan die winkel oop, g'n siel agter die toonbank nie. Op die toonbank is 'n eerlikheidsbussie waarin jy jou geld gooi. Neffens 'n piering met kleingeld.

By Stoke Golding kom ons voor 'n geslote deur by die 13de-eeuse Anglikaanse kerk. Raar, want kerke staan dag en nag oop.

'n Nota op die deur sê die sleutel is in 'n houer teen die buitemuur by die yster-smid se winkel en besoekers moet dit daar terugsit.

Tot my verstarring is die kerk propvol koper en silwerware, antieke kanselklede, knielkussings, kristalkraffies en marmerbeelde.

En alles is veilig.

'n Boer vertel my 'n klassieke storie in The Greyhound-kroeg by Hawkesbury.

Oor skaaptroppe wat herderloos tot téén die kanaal wei. Word die skape nie by die honderde gesteel nie, vra ek. Verdwaas vra hy: "Gesteel? Deur wie?"

Hy sê hy het nog nooit 'n skaap aan diefstal verloor nie. Eerstens sal dit te moeilik wees om 'n skaap op 'n verbygaande boot te tel. Tweedens kan jy net 'n skaap slag as jy die vaardigheid het. Derdens mag 'n skaap slegs met 'n permit by 'n slagplaas geslag word. Diefstal is onmoontlik, volgens hom.

Toe los ek die uitvraery. Kennelik werk die agtste gebod op sy kanaalgrond anders in die ooptes van my droewige land.

Toe ons laataand alleen boot toe loop langs die blinddonker kanaal, slaan ek my oë op na die sterspikkels en vra klankloos: Waar sal ons hulp vandaan kom?

♦Bron: Van Alle Kante in *Die Burger*.

**KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:**  
[www.onsdorp.com/ekstra.html](http://www.onsdorp.com/ekstra.html)

